STELLENBOSCH GEMEENTE
eietyds, relevant, in Hom

Beste Gemeentelid,

Joseph se 'legacy'

Joseph Selela is op 3 Desember oorlede na 'n lang stryd teen kanker. Vandag, 10 Desember, vier ons graag Joseph se lewe, en spesifiek ook dié deel van sy lewe wat hy met ons gedeel het. Almal is welkom om die gedenkdiens by die Legacysentrum in Kayamandi by te woon om 16:00.

Joseph het net nadat die Legacysentrum in 2002 deur Stellenbosch Gemeente in gebruik geneem is, deel van die aktiwiteite daar geword. Hy het eers naaldwerkklasse geneem, toe naaldwerklesse gegee en gou daarna besef dat die plek 'n bestuurder nodig het! Vir 18 maande het hy dit as vrywilliger gedoen en vanaf 2005 was hy die ruggraat van alles wat daar gebeur het. Onder sy hand het die Khulani-kinderklub gegroei van 'n paar kinders tot die huidige 60. Hy was ook deel van vele bouprojekte en was die leier van die groentetuinprojek. Sonder sy kennis van die gemeenskap en sy getrouheid, sou Stellenbosch Gemeente se uitreikbestuurders nooit oorleef het nie.

Hy was baie siek in 2006 en weer aan die einde van 2007, maar in 2009 het die kanker na sy longe versprei en moes hy in Mei op hou werk. Benewens 'n aantal volwasse kinders laat hy sy vrou, Agnes, en 'n tweelingseuns (Tebelong en Lebohang) agter.

Alhoewel Joseph nie meer daar is nie, sal sy "legacy" altyd by die Legacysentrum wees!

Ons kyk vooruit en dink terug

Ons wil 'n verskil maak in die wêreld
deur Jesus te volg
in "community".

Na afloop van 'n proses wat baie praat en baie luister behels het, is dít hoe ons tans Stellenbosch Gemeente se visie verwoord. Ons het die afgelope twee maande hierdie visie op verskeie maniere aan die gemeente probeer kommunikeer. In hierdie laaste Nuusbrief van die jaar wil ons dankbaar terugkyk op die maniere waarop hierdie visie gestalte kon kry, maar ook saam opgewonde raak oor ons planne en drome om hierdie visie volgende jaar met nóg groter vrug te uit te leef.

Ons wil 'n verskil maak in die wêreld...

Die wêreld waarin ek en jy leef is naby én ver. Dit behels ons huwelike, gesinne, vriendekringe én dit behels Mosambiek, Irak en China. Ons is dankbaar vir elke storie van verandering, groei en hoop wat daarvan getuig dat ons gemeente tóg 'n verskil maak in hierdie wye wêreld. **Francois en Alta Rauch** se besoek aan SG in September het ons weer bewus gemaak van die ongelooflike verskil wat hulle maak in Mosambiek. Ons is 'n vennoot van hierdie werk deur ons finansiële ondersteuning aan hulle, sowel as 'n jaarlikse studente uitreik (sien gerus www.lovemoz.blogspot.com). Ons het vanjaar die opening van **Ikhaya Lempilo** gevier – 'n gesondwordhuis en tydelike tuiste vir MIV/VIGS pasiënte wat uit die hospitaal ontslaan is en verdere versorging benodig. Die vrug op hierdie, sowel as al die ander projekte in Kayamandi, vul ons met nederige dankbaarheid. Ons het ook vanjaar beleef hoe die **Vlaeberg** gemeente hoop bring in 'n gemeenskap wat die effek van armoede, dwelms, geweld en verkragting baie naby aan hul lywe voel. InVia is die naam van die gemeente wat ons in Maart vanjaar in Kaapstad

geplant het. Dit het vinnig reeds duidelik geword dat **InVia** 'n plek van community sou word vir 'n jonger generasie wat , in baie gevalle, van die kerk vervreem geraak het, maar nie van God nie. **InVia** is vir baie 'n nuwe begin.

Ons hoop om volgende jaar die stories van transformasie meer gereeld en meer effektief aan die gemeente te kommunikeer. Ons raak opgewonde oor 'n oggenddiens by **InVia**, waar gesinne en 'n ouer generasie kan tuiskom, sowel as die groot drome rondom die uitbreiding van fasiliteite en projekte in **Vlaeberg**. Daar is 'n groot verwagting dat ons vennootskap met die **Medical Knowledge Institute (MKI)** lewens in Kayamandi en ander gemeenskappe in Stellenbosch gaan verander. Hierdie opvoedingsentrum, wat bo-op ons Legacy Sentrum gebou is en verlede wek geopen is, verskaf gesondheidsinligting & -opvoeding aan die gemeenskap. Ons bou ook voortdurend ons verhouding uit met **netwerke en organisasies** wat reeds 'n verskil maak in die Stellenbosch-omgewing. Ons sien veral daarna uit om met jóú hande te vat volgende jaar. Ons wil die stories van verandering in jou leefwêreld vier. Ons beoog juis om volgende jaar 'n ruimte skep waar jy die verskil wat jy reeds maak deur jou passie en roeping, kan deel maak van ons community. Dit behels die inskakeling in 'n groter netwerk waardeur jy bemagtig kan word, telkens groei in jou visie en in die impak wat God deur jou maak.

...deur Jesus te volg ...

Die reis van geloof is 'n reis waarop ons Jesus volg. Op hierdie reis word ons voortdurend verander om Sy boodskap en lewenswyse te beliggaam (2 Kor 3:18). Ons het vanjaar weer verskeie geleenthede geskep waar ander se geloof gevorm kon word, waar hulle kon leer wie God is en wat navolging van Jesus beteken. Ons het vanjaar baie seën ervaar deur die aanbieding van **Strengthfinder**, 'n kursus wat daarop fokus om ander te help om hulle volle potensiaal te bereik. Die filosofie agter hierdie kursus is die oortuiging dat ons dikwels só op ons swakhede fokus dat ons ons sterkpunte – deel van God se geskenk aan ons – nooit ten volle ontwikkel nie. Ons het beleef hoe hierdie kursus mense help om God se doel vir hull lewens te ontdek en meer effektief uit te leef. Die **Geestelike Dissiplines**-kursus is ook vanjaar vir eerste keer aangebied. Dit het gekyk na verskillende tradisies van die Christelike geloof wat fokus op ons verhouding met God. Die oortuiging agter hierdie kursus is dat geloofsvorming gebou behoort te word op die toepassing van geestelike dissiplines. Dit is hierdie dissiplines wat ons in staat stel om meer bewus te word van God, onsself en die wêreld waarbinne ons leef, en daardeur geestelik te groei. Ons kyk ook dankbaar terug op nog 'n baie geseënde jaar in ons **Kinderkerk**, waar kinders 'in 'n vliegtuig gelaai is', verskillende lande in die wêreld besoek het en geleer het wat die praktiese uitleef van geloof behels.



Ons begin vroeg in Februarie 'n projek wat ons '**28 Dae van Dissiplines**' noem. Die droom is om die gemeente te begelei tot geloofsvorming deur die toepassing van geestelike dissiplines in hul lewens. Ons beplan om groepe te vorm wat vir die duur van die '28 Dae' weekliks bymekaarkom en saam reis rondom die kennis en toepassing van dissiplines. Behalwe vir groepsbyeenkomste gaan die '28 Dae' ook die daaglikse deelname van elke individu vra, aangesien ons 'n sterk fokus wil plaas op die praktiese toepassing van die dissiplines. Ons sluit die '28 Dae' af met 'n gemeentefees op die krieketveld van Paul Roos op Sondag, 7 Maart. Ons hoop ook om vir die res van die jaar 'n regula in die gemeente in te stel waardeur ons saam 'n ritme ontdek van die toepassing van geestelike dissiplines. 'n Ander groot opgewondenheid is die aanpassing van die **Strengthfinder** kursus om toepaslik te wees vir gesinne, sowel as paartjies. Ons hoop ook om 'n nuwe kursus te begin wat handel oor ons **hantering van die Bybel**. Hoe lees ons hierdie wonderlike, misterieuse en komplekse boek? In hierdie kursus probeer ons weer ontdek om om God te

hoor praat deur sy Woord.

...in community

Jesus se boodskap is een waarin die woord 'mekaar' 'n prominente plek het: 'dien mekaar; dra mekaar se laste; vergewe mekaar; wees lief vir mekaar.' Hierdie boodskap impliseer community. Daarom glo ons dat 'n individu nie werklik die evangelie kan beliggaam nie. Die goeie nuus maak eintlik eers sin in community. **Eredienste** is vir ons 'n belangrike plek van community. Ons beskou hierdie 'publieke' *community* as 'n belangrike uitdrukking van ons verbondeheid met mekaar. Ons het vanjaar weer beleef dat eredienste 'n ruimte kan wees waar ons 'n betekenisvolle konneksie met mekaar as gemeente kan ervaar. Ons is dankbaar vir elke diens wat iemand laat voel het dat hulle behoort, hulle uitgedaag het om nuut te dink oor geloof en inspireer het om die Jesus te volg.

Daar is 'n groot gedeelte van ons gemeente wat hul verbondenheid met mekaar weekliks wys deur **kleingroepbyeenkomste**. Die stories vanuit kleingroepe van behoort, van groei en van 'n betekenisvolle impak in die wêreld bly 'n inspirasie. Ons is veral ook opgewonde oor 'n aantal nuwe belangegroepe in die gemeente - soos die groep vir enkelvroue, SG Kliek (fotoklub), die groep vir jong getroudes, SG Teatro - waar ons *community* ervaar rondom 'n gedeelde passie of belangstelling.

Ons sien daarna uit om die groei in *community* te beleef vanuit groepe wat geskep word vir die **'28 Dae van Dissiplines'**. 'n Verdere inisiatief om *community* op 'n **organiese** wyse te **groei**, is om gesinne en vriendekringe uit te nooi, toe te rus en te bemagtig om die *community* waarvan hulle reeds deel is, nader te beweeg aan ons visie. Ons droom van die impak wat dit sal maak indien hierdie *community* plekke kan raak van betekenisvolle konneksie, van geloofsgroei en van die transformasie van ons wêreld. Ons nooi steeds almal uit om hulself beskikbaar te stel om nuwe community te skep rondom jou eie **belange of passies**. Dan hoop ons ook om volgende jaar 'n groter Kampusbewustheid te kweek ten einde die **studente *community*** in ons gemeente te groei.

God en geld

Ons is nie 'n gemeente wat die hele tyd oor geld praat en preek nie – ons het dit die laaste 10 jaar baie selde gedoen. Miskien was dit 'n fout, maar dit wys minstens dat dit nie vir ons eerstens oor geld gaan nie! Dit gaan vir ons oor God se roeping vir ons as gemeente...oor ons visie.

Om mense te bemagtig om 'n verskil te maak in die wêreld; inisiatiewe om geloofsgroei in ander se lewens teweeg te bring; die visie om betekenisvolle *community* in mense se lewens te skep, het noodwendige finansiële implikasies. Hierdie visie word uitgedra en beliggaam deur eredienste en bedieninge, wat bestuur word deur voltydse en deeltydse personeel. Dit kos alles geld. Ons is 'n gemeente wat geen gebou besit nie. Ons moet dus kantore en kerkruimtes huur, wat jaarliks byna 'n halfmiljoen rand se kostes meebring.

Dalk is dit juis ’n fout om nie genoeg te praat oor ’n onmisbare aspek van ons geloofsreis nie – om te leer om te gee; om te leer om verantwoordelikheid te neem vir dít waartoe God die kerk roep. Op die ou end is dit eintlik ’n eenvoudige sommetjie. Ons glo God aan die kerk wat die kerk nodig het. Daarom vra Hy dit. Ons glo die finansiële kapasiteit wat nodig is vir SG om haar visie uit te leef, is reeds ’n geskenk van God aan ons. Ons moet dit egter gee.

Die finansiële realiteite van ons leefwêreld dring ons om meer openlik oor finansies te kommunikeer. Die finansiële trajek van die laaste paar jaar wys dat elkeen in die gemeente groter verantwoordelikheid sal moet neem indien ons dit wat die gemeente doen, wil volhou. Ons vertrou dat God ons almal sal oortuig om ook ’n vennoot te word van ons visie deur finansiëel by te dra. Wees asseblief gehoorsaam aan hierdie oortuiging en neem aksie om ’n aftrekorder in te stel of gereeld by te dra. Bid asseblief ook vir gehoorsame rentmeesterskap. Jy kan verseker wees van deursigtige en verantwoordelike bestuur van die fondse, asook ’n finansiële sisteem wat ons toerekenbaar hou vir die geld wat ons ontvang.

Mag die genade van ons Here, Jesus Christus, en die liefde van God, ons Vader, en die nabyheid van sy Gees met jou wees in hierdie Kerstyd.

Vrede!

Stellenbosch Gemeente

Vakansie Dienstye
20 Desember - 10:00 diens & aanddiens: Carols @ 19:00 / Piekniek
25 Desember - Kersdag | 08:00 & 10:00
27 Desember - Slegs 10:00
31 Desember - Oujaarsdiens @ 19:00
3 Janaurie - Slegs 10:00

Kerkkantoor gesluit vanaf 18 Desember 2009, heropen 4 Januarie 2010.

Navrae: T 021 886 6883 | F 021 886 6889 | info@sg.org.za | www.sg.org.za

HULPLYN: 072 959 1333

Bankbesonderhede:

Stellenbosch Gemeente
ABSA Bank Stellenbosch,
Takkode: 334410
Rekening: 4073778884